Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg. 8 Kaapstad, Woensdag, 14 September 1949 Prys 3d. No. 43

# Monument Mag Geen Grafkelder Wees

## Prof. Van Rooy Oor Betekenis Van 16 Des.

**„As 'n volk terwille van sy gerief of tydelike wins sy dierbaarste ideale in die koelkas plaas, is daardie volk al baie naby die mummie-stadium," het prof. Dirk van Rooy, Boerejeugleier en voorsitter van die Grootraad, verlede Saterdag op Rawsonville gesê toe hy die vrees uitgespreek het dat 'n deel van ons volk die Voortrekkermonument net sal wil gebruik as 'n soort praalgraf waarin ons volksideale gebêre word om net by geleentheid tevoorskyn gehaal te word.**

**Prof. Van Rooy het gepraat op 'n O.B.-dagfunksie wat bygewoon is deur 'n 200 geesdriftiges wat die mooi bedrag van £100 in belang van die O.B.-fonds gestort het.**

Ons staan voor die onthulling van die Voortrekkermonument op 16 Desember van hierdie jaar. Weereens 'n betekenisvolle tydstip in die geskiedenis van die Afrikaanse volk. Hoe betekenisvol sal die toekoms nog moet leer, het prof. Van Rooy gesê. Die hoeksteenlegging in 1938 het ons geleer om versigtig te wees met voorspellings. Tog is 'n mens geneig om te vergelyk. En dan lyk die hoogtepunt van 1938 so onbereikbaar hoog vir 1949. Want intussen het ons weer gedaal, al te diep gedaal.

In 1938 het die volk die hoeksteen gelê; in 1949 gaan die staat onthul. Ongelukkig dat dit reeds al so 'n groot verskil kan maak. Was dit maar die **Volkstaat** . . . . .

### BETEKENIS

Maar ons gaan optrek na Pretoria. Veral ons Jeug moet daar teenwoordig wees. So 'n geleentheid is vir die Boereseun en Boeredogter van die allergrootste betekenis en bly hulle hul hele lewe by.

Soos in 1938 sal ook nou almal nie in dieselfde gemoedstemming daarheen gaan nie, want die monument het nou eenmaal vir almal nie dieselfde betekenis nie. Ons neem aan dat ten minste ons hele blanke bevolking met enkele uitsonderinge wel geneë voel om aan die nagedagtenis van ons Voortrekkers hulde te bewys. Elke regskape mens eer graag 'n held en 'n heldin, en die stoere pionier van 'n volk dwing eerbied af. Een en almal is ons aan hulle as die baanbrekers van die beskawing aan Suid-Afrika se Suidpunt dank verskuldig.

### GRAFSTEEN

'n Groot groep sal egter daarby volstaan. Vir hierdie groep is die Monument 'n grafsteen, sy dit dan ook 'n praalgraf. Daarmee is die verlede gehuldig en . . . . verseël. Soos menige wewenaar wat 'n goeie vrou goed begrawe het, het hulle reeds die nuwe troos lankal in die oog. Met die ou lewenswys, die tradisie en die Voortrekkerideale is afgedaan, 'n nuwe son het opgegaan, Suid-Afrika moet in alle opsigte probeer tred hou met die moderne. **In daardie groep sal O.B. en Boerejeug nie gevind word nie. Die Afrikaner gaan op 16 Desember 1949 nie begrafnis hou nie.**

### STOORPLEK

'n Tweede groep sien meer in die Monument. Vir hulle is dit geen graf nie, maar 'n uiters gerieflike stoorplek. Ons mag ons tradisies en ideale nie begrawe nie, sê hulle, maar dit mag nodig wees om 'n paar daarvan tydelik weg te lê. So bv. gaan ons vir niks ter wêreld ons Republikeinse ideaal begrawe nie, tyd en omstandighede noop ons egter om dit voorlopig aan die gesig te onttrek. **Op 16 Desember 1949 sal ons waarskynlik geesdriftig en besield daaroor praat — ons Engelse medeburgers van Natal — is selfs bevrees dat dit nie by praat sal bly nie — maar ons sal weggaan en daardie republikeinse ideaal veilig wegbêre agter die graniet van die Voor-**

(vervolg op bladsy 8, kolom 4)

# Hulle Verjaar


Die K.G. (24 Sept.)


A.K.G. J. A. Smith (4 Sept.)


Jeugleier Prof. D. J. van Rooy (18 Sept.)

**September is die maand waarin ons leiers verjaar. Ons wil dan in hierdie uitgawe hulde bring aan die drie manne aan die voorpunt van die Ossewabrandwag wat hierdie maand 'n nuwe jaar op hul lewenspad tegemoet gaan. In die jare wat agter die rug lê, het hulle swaar geoffer aan persoonlike gerief en huislike rus, maar saam met ons goeie wense wil ons hulle herinner aan die woorde van 'n Nederlandse staatsman: Wat mens vir God, die vaderland en die naaste op die spel sit, is nie verlore nie, maar op rente weggesit.**

# O.B. Wil Beste Kragte Vrymaak Vir Volksdiens, Sê Sprekers Op Caledon Se Puik Funksie

**Die manne- en die vroue-kommando van Caledon het verlede Saterdagnamiddag en -aand 'n baie geslaagde en puik funksie gehou op die plaas Hammansdal van komdt. en mev. S. J. Delport. Die Gebiedshoofvrou, genle. dr. Erica Theron, het in die namiddag die basaar geopen en in die aand het hoofgenl. J. de Vos van Kaapstad 'n vergadering toegespreek. Die funksie is goed ondersteun nie alleen deur lede van die Ossewabrandwag nie maar ook deur goedgesinde mede-Afrikaners wat nie lede is nie.**

**Die basaartafels was volgelaai met heerlike gebak en op die vleistafel was ribbetjies, vet hoenders en baie wors. Deurgaans was die kafee oop en kon die aanwesiges maar aansit vir koffie, pannekoek, poeding en ander lekkernye.**

Die boerejeug het 'n eie tafel gehad waar die kleinspan hulle versadig kan koop aan lekkergoed, koekies en koeldranke.

Nadat die basaartafels leeg gekoop is, is hulle weer opnuut gedek vir die doeleindes van 'n gesellige en baie smaaklike aandete.

**Genle. Theron het met groot waardering gewag gemaak en haar hartelike dank uitgespreek teenoor die ywerige vroue van die kommando wat met soveel blymoedigheid gewerk het om die funksie 'n sukses te maak. Komdt. Delport, wat in bevel van die organisasie was, het nie alleen al sy offisiere en brandwagte bedank vir hul bystand en samewerking nie, maar hy het ook met waardering melding gemaak van die nie-lede van die beweging — veral die vroue — wat hartelik saamgewerk het.**

Die openbare verrigtinge is gelei deur die voorsittende offisier, hoofkomdt. J. J. Viljoen wat die aanwesiges sowel as die sprekers welkom geheet het, en hulle aangeraai het om hulle sakke leeg te maak en om hulle te geniet.

**Die opbrengs van die funksie was £108.**

## Genle. Theron

**Genle. Theron het in haar openingsrede gesê dat 'n ideaal soos wat die O.B. nastreef nooit sterf nie. Dit mag soms sluimer maar dit het die krag van die voortdurende lewe.**


Die O.B. streef na 'n stelsel waarin die beste kragte van die volk gebruik sal word in belang van die volk. Daarenteen verwerp die O.B. 'n stelsel waarin 'n politieke masjien opgebou word om baantjies te skep vir die boeties wat die belange van 'n seksie sal dien. Die volk moet kies, het genle. Theron gesê, tussen enersyds die welsyn van die volk en andersyds die belange van 'n politieke masjien.

### VRYHEID

Naas die groot ideaal van Volksbelang is daar die O.B. se Vryheidsideaal — wat die beweging nooit sal prys gee nie. Solank die Afrikanervolk die O.B. het, sal die volk sy selfrespek behou — want solank sal die vryheidstryd gevoer word. **En onthou, het genle. Theron gesê, wanneer die stryd vir vryheid eenmaal aangedurf word dan is die oorwinning onvermydelik.** Hoewel daar soms nederlae mag kom in die Vryheidstryd is dit maar skynnederlae want die feit van die stryd is die waarborg vir die oorwinning.

Ten opsigte van die inwyding van die Voortrekkermonument, het genle. Theron gesê: **Laat ons die voorbeeld van ons voorvaders wat alles feil gehad het vir die vryheid van ons volk getrou navolg en laat ons toon**

(vervolg op bladsy 8, kolom 1)




'n Tjek is veiliger!

Dit is nie net ongerieflik om geldelike vereffenings of oorbetalings in kontant te doen nie—dit kan ook verliese meebring.

Vermy sulke ongerief, beslommernis en verliese deur by oorbetalings liewer van die veilige en gerieflike TJEK gebruik te maak. Spreek die naaste takbestuurder van Volkskas.

ARBEIDSAAMHEID

VOLKSKAS
BEPERK (Geregistreerde Handelsbank)
HOOFKANTOOR: PRETORIA
New York Agente: Chemical Bank & Trust Co.
Londen Agente: Lloyds Bank Limited

# UIT DIE WEEK SE NUUS

Genl. Smuts sal vanjaar die hoofspreker wees by geleentheid van Krugerdagviering op Stellenbosch, volgens 'n berig in die Cape Times.

●

Met die uitsondering van die hoofposkantoor is aparte bediening van blank en nie-blank aan die einde van verlede week in alle Skiereilandse poskantore ingevoer.

●

Die afbakening van Suidwes-Afrika met die oog op verteenwoordiging in die Unie-parlement begin op 15 Oktober. Na verwag word sal die werk betyds voltooi wees vir 'n verkiesing omstreeks in Maart aanstaande jaar. Behalwe die ses kiesafdelings vir die Unie-volksraad sal die kommissie ook agtien kiesafdelings indeel vir die wetgewende vergadering van Suidwes.

●

'n Versoek om Die Stem van Suid-Afrika in Engels en Afrikaans as die amptelike volkslied van Suid-Afrika beskikbaar te stel, sal kragtens 'n besluit op die jaarkongres van die Afrikaanse Taal en Kultuurvereniging (S.A.S. en H.) tot die regering gerig word.

Volgens 'n aankondiging in die Staatskoerant is die benaming kommandant vir die rang luitenant-kolonel ingevoer in die Verdediging-skietverenigings. Of dit ook nog van toepassing gemaak sal word op die Staandemag, is nie seker nie. In die parlement het die Minister van Verdediging, mnr. F. C. Erasmus, gesê dat minstens een rang in ons verdedigingsmag 'n Afrikaanse afkoms moet hê.

## IMMIGRANTE VOEL BEDROË: KEER TERUG

Britse immigrante wat 'n paar jaar gelede die eiendomsmark hoog opgedryf het deur huise teen buitensporige pryse te koop , is vandag hard besig om ontslae te raak van hul eiendomme. Hulle verklaar dat hulle dinge nie aangetref het soos hulle verwag het nie en dat hul besighede nie wou vlot nie. Gevolglik wil hulle weer koersvat Engeland toe.

„Baie het uitgevind dat Suid-Afrika nie die land van melk en heuning is wat aan hulle wysgemaak is nie," het 'n agent gesê.

In sy ywer om soveel stemme as moontlik uit Engeland na die Unie te lok, het die Smutsbewind die indruk by Britte laat posvat dat hulle hier op die hande gedra sal word in 'n soort paradys. „Die goeies en die slegtes" moes aangemoedig word om te kom „by hul miljoene". Vandag brand die pap aan wat deur die Smutsbewind te dik ingesit is, en die misleide vreemdelinge moet die gelag betaal.

● **Hy wat in „Die O.B." adverteer is werd om ondersteun te word!**





„Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerkgebou. Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, **Phil Morkel, Posbus 2721, Kaapstad.**"

**BRILLE**

**Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.**

**GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.**

**GEHOORAPPARAAT OOK IN VOORRAAD**

**Die Voortrekker-Apteek**

**Kerklaan, KAAPSTAD.**

**Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.**

**Besoek ons of skryf om Besonderhede.**

G 24029




**Rook SPRINGBOK Medium**

**DIE GELUKKIGE KEUSE**


## Persmenings:

# KAN SO VERDEELD NIE LANGER BESTAAN

**'n Leser van Dagbreek wat homself „Bekommerd" noem oor die huidige verdeeldheid, skryf aan die blad:**

**In elk geval, soos nou kan ons dit nie lank meer bekostig om voort te gaan nie — so politiek verdeeld kan ons die depressie nie keer en die woestyn nie stuit nie, kan ons apartheid nie deurvoer en Suid-Afrika nie verenig nie, kan ons die Groot Trek se Noordwaartsbeleid teen die Ooste en die kommunisme nie verwesenlik of Afrika vir die weste en sy inwoners behoorlik ontwikkel nie.**

Maar wat doen ons politieke voormanne terselfdertyd? Laat ons net let op die drie wat bestem is as hoofsprekers by die monument-inwyding, wat in hierdie verband simboliese betekenis het.

**Die een verkondig dat alleen sy party en seksie (deur „apartheid") 'n blank Suid-Afrika beoog. Die tweede beweer dat daardie party en seksie (deur 'n broederbondstaat) die uiterste rassediktatuur in die mou voer. En intussen het die derde die onbenydenswaardige taak om vertroue in Suid-Afrika te herstel met die oog op buitelandse lenings en verdere kapitaalbelegging.**

**En tog is in die werklikheid al drie en die massa van hulle volgelinge dit met mekaar eens dat 'n blank Suid-Afrika verseker moet word, dat buitelandse vertroue en westerse steun noodsaaklik is vir ons toekomsheil!**

Ook is almal daarvan seker dat ekonomiese welvaart herstel kan word, die kommunistiese gevaar afgeweer kan word en die voortrekkerideaal in die hele Afrika verwesenlik kan word, as daar saamgewerk word op die grondslag van aanwesige eenstemmigheid soos bo aangedui; en. omgekeerd, dat gebrek aan sodanige samewerking ons prestige in die buiteland ondermyn en ons kans op selfhandhawing in ons eie land in gevaar stel.

**Waarom werk ons dan nie saam, as ons weet dat ons dit só, sonder saamwerking, nie langer kan bekostig nie?**

### PARTYE

Eenvoudig omdat daar nog twee klein groepies teenoorgestelde uiterste onversoenbares is, naamlik aan die een kant die tradisionele „isolasioniste" en aan die ander kant die kosmopolitiese „gelykstellers"; **en omdat die bestaande kunsmatige ewewigtige partyverdeling dit vir die een party noodsaaklik maak om op die vooroordele van die een uiterste te konsentreer en vir die ander party op dié van die ander om elkeen sy aparte bestaan te regverdig en 'n paar ekstra stemme te wen.**

**Daarom moet die een afkeur en vervals wat die ander voorstaan, terwyl hulle dit tog wesenlik met mekaar eens is, en die massa van ons dit met altwee wesenlik eens is, dáárom moet die een afbreek wat die ander opbou, terwyl hulle tog wedersyds die nut insien van wat elkeen kon verrig in saamwerking, en moet die massa van ons toesien dat ons gemeenskaplike ideale in hoofsaak braak bly lê en die woestyn voortdurend daaroor voortkruip.**

### OPLOSSING?

In der waarheid, so kan ons dit nie langer bekostig nie. Maar is daar dan 'n uitweg en 'n oplossing? Sekerlik sal dit geen oplossing wees eenvoudig om die een party-regering deur die ander te vervang nie.

Maar kan die regerende partykombinasie homself dan nie verruim tot 'n ware volksverteenwoordiging deur die teenparty tot saamwerking uit te nooi op 'n grondslag wat alleen die wedersydse uiterstes sal uitskakel — aan die een kant die onversoenlike „isolasioniste", aan die anderkant die onverantwoordelike „gelykstellers", maar wat staanplek sal gee aan alle normale Suid-Afrikaners sonder verloëning van wedersydse kultuur of beginsels of ideale nie?

## Veldm. Smuts En Die Monument

Lea Ferreira, Melville, skryf in Die Transvaler:

Met groot onrus in my gemoed het ek kennis geneem van „sy sê" wat die Veldmaarskalk gaan sê met die inwyding van die Monument. Niemand kan my dit kwalik neem as ek sê dat ek eerlik glo dat dit 'n plan van die Veldmaarskalk is om voordeel vir sy party te trek ten koste van die plegtigheid nie. Indien dit nie die geval was nie, sou veldm. Smuts nie sy partyvergadering wat agter geslote deure plaasgevind het, as die geskikte plek beskou het om sy plan te kenne te gee nie.

Dit is vanselfsprekend dat, wanneer die Veldmaarskalk sy verskyning daar maak — hy wat nooit 'n vinger verroer het om sy volksgenote by te staan, hetsy in die taalbeweging, hetsy in enige ander vorm van die kultuurstryd nie — 'n gelaaide atmosfeer geskep sal word.

Die vraag kom by my op: aangesien die Veldmaarskalk in die laaste tyd sulke onverantwoordelike dinge gesê het in sy toesprake, wat verhinder hom om weer op daardie gedenkwaardige dag kwetsende dinge te sê?

Dink veldm. Smuts dat hy met liefde ontvang en bejeën sal word, wanneer hy daar verskyn om sy „sê te sê"? Dink hy dat hy nog die Jan Christiaan Smuts van ouds is wat sy burgers ten stryde gelei het?

## Rooi Vloedgolf

Onder die opskrif: Die Rysende Vloedgolf, skryf Die Kerkbode:

Daar is 'n algemene gevoel van onrus en onsekerheid, en in die kringe wat van naderby bekend is met die internasionale verhoudinge word die wêreldtoestand beskryf as „gevaarlik" en „onveilig". En dit is allesins verstaanbaar wanneer gelet word op die uitbreiding van die kommunisme in ons tyd. Gepropageer en aangevuur vanuit Rusland het die kommunisme in die afgelope jare die een land na die ander in Europa soos 'n vloedgolf binnegedring en oorweldig, en die stroom vloei nog steeds verder.

'n Opvallende verskynsel in die jongste tyd is ook die verbitterde stryd van die kommuniste in Hongarye en Tsjeggo-Slowakye teen die Roomse Kerk. Rusland is nie daarmee tevrede om net sy politieke magsfeer uit te brei nie. Alles moet onder sy beheer staan in Staat en Kerk. So het die regering van Tsjeggo-Slowakye aangekondig dat dit sy voorneme is om alle onderwys te beheer „in die gees van ons wetenskaplike waarheid van die Marxisties-Leninistiese ideologie." Die opneem van kollektes is daar in sommige Roomse kerke verbied en volgens die berigte sal ook die aanstelling van priesters deur die staat beheer word. Die Russiese kommunisme gaan al meer van die standpunt uit dat godsdiens propaganda is en dat dit daarom nie sy vrye gang kan gaan nie. En wat vandag met die Roomse Kerk in daardie lande gebeur, moet ook vir die Protestantse Kerke 'n gevaarsein wees. Hierdie verderflike ideologie het met die godsdiens geen vrede nie, omdat hy hom in sy hele wese teen God kant.

Daar mag met die kommunisme op geen enkele terrein geheul word nie. Wat van die kant van die Kerk nodig is, is die uiterste waaksaamheid, en hierdie wêreld-euwel moet met alle mag deur die evangelie bekamp word.

## Rooi Kandidaat Ongelukkig

Die feit dat die kommunistiese kandidaat wat hom vir die Kaapstadse stadsraad verkiesbaar gestel het in Wyk 6 met 365 stemme verslaan is word deur die kommunistiese blad, Gaurdian, soos volg verduidelik:

**„Sowel die blanke as die nie-blanke ondersteuners van die Herenigde Nasionale Party en van die Verenigde Party, intensiewe propaganda deur die Rooms Katolieke Kerk en onstuimige weer het saamgespan om die kommunistiese kandidaat te verslaan."**

(vervolg op bladsy 5, kolom 3)




**Besien Suid-Afrika—**

**beskerm deur**

**'n Motorpolis by**




**SANTAM**

**SUID-AFRIKAANSE NASIONALE TRUST EN ASSURANSIE MPY., BPK.**

**Takke en Agentskappe Oral**

2808-11a

# VOER GENL. SMUTS 'N GÖBBELS-SET UIT?

**„In opvolging van genl. Smuts se oproep aan alle seksies van die bevolking om deel te neem aan die feesviering by die Voortrekkermonument op 16 Desember, is baarde nie meer die kenteken van 'n nasionale ondersteuner nie, maar het dit 'n landsembleem geword," berig die Sunday Times, wat daaraan toevoeg dat honderde „nie-Nasionaliste" begin het om hul baarde te laat groei in 'n gees van opregte waardering vir die Voortrekkertradisie.**

Die beriggewer meld dat hierdie baardkwekers — almal nie-Nasionaliste — baie verteenwoordigend is. Onder diegene wat hy teëgekom het, is daar 'n aandelemakelaar, twee onderwysers, 'n advertensiebestuurder, 'n eiendomsrentenier, 'n prokureur, 'n bestuurslid van een van Johannesburg se eksklusiewe klubs, 'n dokter en 'n versekeringsagent. In die mees onverwagte plekke verneem jy die vraag of jy al 'n baard laat groei, aldus die berig.

**GÖBBELS?**

**Indien daar grond in die veronderstelling in Engelse kringe sit, soos uit die berig ook blyk, naamlik dat baarde gedra word as 'n kenteken van „Nasionale ondersteuners" dan is dit duidelik dat genl. Smuts 'n regte Göbbels-set uitgevoer het met sy oproep aan sy volgelinge om in alle opsigte deel te neem aan die feesvierings.** Toe die Geallieerdes indertyd met hul V-teken gekom het as simbool vir die weerstand in die Duitsbesette lande, het Göbbels onmiddellik die V-teken as 'n Duitse oorwinningsimbool geproklameer en sodoende dermate verwarring in die geledere van die anti-Duitse beweging gesaai dat die sielkundige uitwerking wat met die simbool beoog is, heeltemal verlore gegaan het.

**SY BEDOELING?**

**As dit dan ook die bedoeling van genl. Smuts was om die nasionale inspirasie wat van die fees te wagte is op dié wyse te verwater, dan bestaan daar grond vir die besorgdheid van daardie kringe wat bekommerd voel oor die karakter wat die staatsfunksie aan die end van die jaar gaan aanneem.**

Maar dit is ook heeltemal moontlik dat Engelssprekendes in 'n goeie gees aan die verrigtings aktief wil deelneem. **Daarteen kan geen beswaar gemaak word nie. Inteendeel, dit kan slegs verwelkom word. Dit is al hoog tyd dat Engelssprekende Suid-Afrikaners waardering moet openbaar vir eg Suid-Afrikaanse aangeleenthede. Hoe meer Engelssprekendes met baarde na die Monument wil optrek, hoe gelukkiger vir ons land.**

**NEUTRAAL**

Maar wat ons wel beswaar teen maak is die poging wat blykbaar van sowel regerings- as opposisiekant gemaak word om die fees in 'n neutrale gees van amptelikheid te laat plaasvind waarin alles vermy moet word wat dalk aanstoot kan gee aan iemand wie se hart nog nie in Suid-Afrika is nie — hoewel sy baard by die Monument sal wees omdat genl. Smuts, die Empire-builder, sy sê daar sal sê.

**As die fees in so 'n gees gehou moet word dat elke landsburger — ook die Union Jack-swaaiers van Natal — daar gelukkig sal voel, dan is daar van hierdie geleentheid geen besieling op die pad van Suid-Afrika te wagte nie. Die verrigtings en toesprake behoort te staan in die teken van die Voortrekker-ideale — daardie ideale wat gelei het tot die stigting van 'n selfstandige Republiek wat die enigste egte Suid-Afrikaanse staatstelsel was wat ons land nog ooit geken het, en met die enigste onverdeelde trou teenoor ons vaderland wat hier nog ooit geheers het.**

# VRUG VAN „LOJALE HARTE"

**Die Australiese regering het besluit om aan Brittanje 'n verdere bedrag van £10 miljoen te skenk. Dit bring die totale bedrag wat Australië aan Brittanje in die afgelope tyd geskenk is, op £45,000,000 te staan.**

**In 1903 het die groot imperialis, Joseph Chamberlain vir 'n nuwe Rykstelsel gepleit wat sou beteken „'n vennootskap met die groeiende kolonies sonder wie se sterke regterhande en lojale harte die Ryk nie kan behou word nie."** Ooreenkomstig hierdie beleid is die lojaliteit van die kolonies stap vir stap gekoop met groter statusse, en dit is vandag selfs moontlik om 'n republiek binne die Empire te word. Maar deur sulke „losmaking van die bande" is daar beslag gelê op die gees, soos dr. Malan kort gelede tereg verklaar het. **Solank die sterke regterhande van die oud-kolonies (alais dominiums, alais Empire-republieke) gereed bly om Brittanje in sy oorloë te ondersteun, soos selfs die land van die Boere dit al tweemaal gedoen het, en solank hul lojale harte miljoenegeskenke aanbied aan die eiland oor wie se Ryk die son nooit ondergaan nie, solank gee Brittanje nie om hoe „vry" die kolonies of dominiums of Empire-republieke hulself beskou nie. Hoofsaak is dat hy behoue bly deur die sterke regterhande en lojale harte van volke duisende myle ver verwyder.** Die geskenk van Australië is een van die baie vrugte wat Joseph Chamberlain se nuwe imperialistiese beleid afgewerp het.

## Leë Gebaar Aan Nuwe Duitse Republiek

Die nuwe Wes-Duitse Republiek het verlede Woensdag tot stand gekom by geleentheid van die opening van die pas verkose parlement. Die vlag van die republiek is dieselfde as die ou mislukte Weimar-republiek van na die Eerste Wêreldoorlog. In Duitsland word van die nuwe stigting gepraat as die „rooi-swart-goud-ghetto".

Genl. Brian Robertson, wat nou Britse „Hoë Kommissaris" genoem word in plaas van „militêre goewerneur", het die Duitsers meegedeel dat hy staan vir die uitwissing van die na-oorlogse bitterheid in Duitsland teen ander lande en in ander lande teen Duitsland. **Onderwyl hierdie mooi woorde gespreek is, was werkers besig om 'n Duitse fabriek in Oberhausen onder toesig van Britse troepe af te takel as gevolg waarvan 6,000 Duitsers werkloos sal word.**

# REPUBLIKEINSE WAPEN ALLIG HERSTEL

**Die ou Republikeinse wapen sal waarskynlik binne afsienbare tyd in Transvaal in ere herstel word. Die kwessie van die regte ontwerp is deur die Staatsargief opgelos.**

Nadat die provinsiale owerheid 'n paar maande gelede besluit het om hierdie wapen weer die amptelike wapen van Transvaal te maak, het daar onsekerheid bestaan oor die juiste ontwerp, aangesien daar so baie wapens van die ou Transvaalse Republiek bestaan het, waaraan private kunstenaars ook kwistig meegedoen en hul eie idees ingebring het.

Die Staatsargief is toe gevra om op die aangeleentheid in te gaan, en 'n lywige memorandum is nou ingedien wat deur die provinsiale owerheid oorweeg sal moet word.

- ***Hulle wat in ons blad adverteer, het die eerste aanspraak op ons geld!***

## Vakbonde Wil Hulself van Rooies Suiwer

**Die Britse kongres van vakbonde — met 'n ledetal van 8 miljoen — het verlede week met oorweldigende meerderheid besluit om goedkeuring te heg aan die Britse onttrekking aan die wêreldfederasie van vakbonde en om 'n mededingende antikommunistiese organisasie in die plek daarvan te stig. Verder is besluit om steun te verleen aan die pogings wat tans aangewend word om Kommuniste uit invloedryke poste in die vakbonde te skop.**

# Joodse Uittog Uit Europa

**Die moontlikheid dat Europa eerlang feitlik geheel en al sonder 'n Joodse bevolking sal wees, word deur waarnemers in die vooruitsig gestel. Die laaste groot uittog uit die Vasteland het so pas begin.**

Die belangrikste rede hiervoor is dat die Jode vir hulself geen vooruitsig in Europa meer sien nie, veral as gevolg van die haat wat daar tans in sowel die Westerse deel as die Russiese deel teen die Jode aan die opvlam is. In Rusland word die Jode selfs groepsgewys na die Ysstreke gedeporteer.

Baie Jode is onder weg na Amerika, Australië, Kanada en Suid-Amerika, maar die meeste slaan rigting in na Palestina waar so 'n toeloop aan Jode ondervind word dat die organisasie van Isreal wat hierdie beweging moet hanteer, dreig om in duie te stort. Daar word verwag dat Isreal teen die end van die jaar meer as 'n miljoen inwoners sal tel.

Die grootste stroom word uit Duitsland verwag waar nog 20,000 gevestigde en 30,000 vlugteling-Jode is. In Joego-Slawië sal, na verwag word, nie meer as 4,000 en in Bulgarye nie meer as 3,000 Jode oorbly nie.

## Adolf Bleibtreu Deur Polisie Gesoek

Teen die opsteller van die antisemitiese brief in die Süddeutsche Zeitung onder die skuilnaam Adolf Bleibtreu, wat kort gelede aanleiding tot 'n groot Joodse betoging in Neurenberg gegee het, is nou met behulp van die pers 'n soektog op tou gesit, berig ons korrespondent uit Duitsland. Die kriminele afdeling van die polisie het die handskrif aan die pers beskikbaar gestel en terselfdertyd 'n beloning uitgeloof aan die persoon wat die skrywer kan aanwys.


Gebruik
EPOL
GEBALANSEERDE
RANTSOENE
vir
Maksimum-Produksie
en
Groter Besparing
EPOL
S.A.P.V.
Pluimvee Mengsels en Pille
EPOL
Suiwel- Kalf- en Varkmeel




VEREENIGING CONSOLIDATED MILLS LTD.
MAITLAND K.P.
TAKKANTOOR
WELLINGTON FOON 414






DAMES-, MANS- en KINDER-UITRUSTERS SNYERS

UNIEWINKELS
Beperk
KERKSTRAAT 275 — PRETORIA
TAKKE: Johannesburg, Benoni, Vereeniging, Kaapstad.



LANDBOUGENOOTSKAP — CALVINIA

*Op 29 en 30 SEPTEMBER word die*
LANDBOU EN HUISVLYT TENTOONSTELLING
*VAN DIE JAAR 1949 gehou te CALVINIA*

Ons DANS is die AAND van 28 SEPTEMBER by die COMMERCIAL HOTEL

Die SKOU word GEOPEN op VRYDAG, 30 SEPTEMBER, deur
MNR. J. H. MOOLMAN
(Voorsitter S.A. WOLRAAD)

'n STOEIGEVEG tussen MANIE MARITZ en AL COSTELLO en VOORGEVEGTE die AAND van 29 SEPTEMBER

Mense wat graag die Beste sien kom kyk dit op
CALVINIA

Sekretaris:
J. P. LE ROUX - Posbus 42, Foon 30 - CALVINIA

DIE O.B., WOENSDAG, 14 SEPTEMBER 1949

# IN ALLE ERNS!

By geleentheid van 'n sirkelkonferensie van sy party verlede week het genl. Smuts verwys na die ernstige ekonomiese krisis waarin ons land verkeer. So ernstig beskou hy dit dat hy dit op een lyn bring met die oorlog. En as die regering nou gevra word watter planne hy het om hierdie magtige vraagstuk te bekamp, aldus genl. Smuts, dan is die enigste woord — apartheid.

Die Burger van die volgende dag raps genl. Smuts met die teenbeskuldiging dat die enigste redmiddel wat hy aanbied is — verwerping van die Malan-bewind!

Wat Die Burger hier noem is inderdaad die oplossing wat genl. Smuts in alle erns aangebied het: **„Die enigste geneesmiddel vir Suid-Afrika se huidige toestand is om ontslae te raak van die Nasionale regering."**

Wat 'n spektakel bied die partypolitiek inderdaad! Uit die werkinge van die konstitusie het 'n landsbestuur tevoorskyn gekom van wie die volk verwag dat vraagstukke wat sy rustige bestaan bedreig, die hoof gebied moet word. **Maar die werkinge van die konstitusie — wat ooreenstem met dié van 'n romer — het, behalwe die regering, ook 'n opposisie afgeskei wie se taak dit is om die regering in sy taak te „opponeer".**

**SABOTASIE**

**So 'n opposisie het as „alternatiewe regering" groot belang daarby dat 'n regering nie goeie werk doen nie. Hy doen dus sy bes om die regering te pootjie en by die volk „in diskrediet" te bring.**

So is Die Burger dan ook verplig om te kla dat die Opposisie hemel en aarde probeer beweeg om 'n depressie te bewerkstellig. „Vertroue word koelbloedig ondermyn en vrees roekeloos aangewakker, want hierdie mense het nou eenmaal 'n gevestigde belang in 'n ekonomiese ramp en in die lyding van onskuldige slagoffers. **Die Opposisie weet dat dit tot politieke ontevredenheid sal lei; so was dit nog altyd gewees. Die Opposisie reken ook daarop dat dit hom politiek sal bevoordeel."**

En wanneer 'n vraagstuk so ontwikkel dat dit tot politieke ontevredenheid en gevolglik tot opposisie-voordeel lei omdat die een helfte van die volksverteenwoordigers nie alleen geen steun aan die regering ten opsigte van die landsvraagstukke verleen nie, maar hom tot magteloosheid „opponeer", dan word dit nodig vir die regerende party — die ander helfte van die volksverteenwoordigers — om in belang van sy voortbestaan daardie vraagstuk te los en die volk se aandag af te lei na iets anders. Dit is dan wanneer die opposisie honend kan spot oor die verkeerde „geneesmiddel".

**„ALTERNATIEF"**

**Al wat vir die volk in sy wanhoop oorbly is om weer 'n nuwe regering te probeer, en hierdie keuse word vir hom heeltemal maklik gemaak, nie net deur die luide reklame van die opposisie, wat as enigste oplossing aanbied die verwerping van die regering nie, maar veral deur die werkinge van die konstitusie self wat 'n „alternatiewe regering" gereed het in die persoon van die opposisieparty wat weier om sy steun te verleen aan die oplossing van dringende vraagstukke!**

En dan is daar nog mense wat soek na die beginsel van ewigdurende beweging! Die Britte het dit al 'n paar eeue gelede ontdek toe hulle die partystelsel ingevoer het, maar daarmee het hulle ook bewys wat elke leek vir homself kan uitdink: **dat so 'n beweging geen produktiewe werk kan lewer nie, en maar hoogstens 'n rarigheid kan wees.**

# Wonderlikste Van Alle Seuns

In sy toespraak in Johannesburg by geleentheid van die H.N.P.-kongres het die Eerste Minister, dr. D. F. Malan, die agitasie van opposisie-kant teen die Broederbond behandel. Hy het gesê dat 'n ondersoek na die Broederbond ingestel kan word, maar dan moet daar ook ondersoek ingestel word na die Sons of England.

Die Sons of England het nie lank laat wag op 'n antwoord nie. 'n Verklaring is uitgereik waarin die organisasie sy onskuld piep. Die Sons of England bestaan reeds vir die afgelope 60 jaar in Suid-Afrika en gedurende hierdie tyd het hy hom beywer vir die welvaart van Suid-Afrika, so word verklaar.

**'n Mens kan natuurlik vra waarom daar nie ook 'n „Seuns van Duitsland" in Engeland gestig kan word om die welvaart van Brittanje te bevorder nie, veral in hierdie tyd van teëspoed!** Sestig jaar gelede was nog geen verbeelding sterk genoeg om Engeland voor te tower as die vriendelike moedertjie van Suid-Afrika nie. **Brittanje was toe op sy veroweringspad teen hierdie land. Miljoene ponde kapitaal en duisende menselewens is vernietig in daardie proses.** Dit was nog in die dae voordat die konsolidasie van sy buit plaasgevind het. En tog beweer die Sons of England, wat toe reeds gestig was, dat hulle al die tyd hulle beywer het vir die welvaart van Suid-Afrika. **Asof die duif 'n „Seun van die Valk" nodig het om sy welvaart te verseker!**

## Polisie Vlug Vir Militêre Diens In Balkan

'n Vlug deur die volkspolisie vanuit die Russiese deel van Duitsland na die Weste word deur ons korrespondent in Duitsland berig. Reeds 250 van hierdie polisie het sedert die opheffing van die blokkade in Mei/Junie hierdie jaar oor die grens gevlug. Hoeveel in die proses doodgeskiet of gevangene geneem is, is onbekend.

**Die rede wat hulle vir hierdie vlug gee is dat die Russe besig is om hulle in afdelings van 250 man na die Balkan te stuur as „instrukteurs" vir die Hongaarse en Roemeense arbeider-milisie.**

Die Russe is ook besig om 'n polisie-leër in Duitsland op te bou onder leiding van genl. Vincenz Müller, wat een van die offisiere was wat saam met die Stalingradse generaals Von Paulus en Von Seydlitz die „komitee vir vrye Duitsland" in Rusland gestig het. Die werwing vir hierdie leër vind hoofsaaklik plaas in die jongere geledere van die Freien Deutchen Jungend en die Sosialistiese Eenheidsparty en dikwels selfs uit eertydse lede van die Gestapo en veiligheidsdiens. Hulle word toegerus met ligte en sware infanterie-wapens.

# Von Manstein Se Advokaat In Lig Van Beskuldigings

**In verband met die verhoor van veldmaarskalk Fritz von Manstein deur 'n Britse militêre hof op aanklagte van „oorlogsmisdade", berig ons korrespondent uit Duitsland dat die aanwysing van sy Engelse advokaat nogal heelwat opsien verwek het. Een van die aanklagte is dat hy deelgeneem het aan die uitroeiing van Jode in Pole. Die hoofadvokaat in sy verdediging is die 33-jarige Joodse en sosialistiese parlementslid Samuel Silkin, wat tydens die oorlog stafoffisier in die leër van Montgomery was.**

## Haile Selasssie Soek Ook 'n Maarskalk Of Twee

**Die keiser van Abessinië het deur middel van sy Londense gesant 'n versoek aan die Italiaanse regering gerig om die uitlewering van maarskalke Badoglio en Graziani as oorlogsmisdadigers vir verhoor in Abessinië. Die versoek is geweier op grond daarvan dat Italië geen betrekkinge met Abessinië het nie, en dus nie notas in Londen kan ontvang nie. Die verhoor van Veldm. Von Manstein deur die Britte het blykbaar Haile Selassie se Geallieerde nywer gaande gemaak in die jaar 1949.**

Wat veral verbasing gewek het is dat die beskuldigings in verband met sy optrede in die Ukraine bo alles betrekking het op die weerstand van die suidelike deel waar daar meer Jode was as in die noordelike deel. Maar na uit betroubare bron verneem word, sal Silkin net belangstel in die regs- en nie in die ideologiese aspek nie.

(Soos vroeër in Die O.B. berig het sekere Engelse kringe hulle beywer vir die verkryging van Engelse regsgeleerdes vir die verdediging van Von Manstein. Vir die doel is daar gekollekteer, en tot die kollekte het onder andere ook Winston Churchill bygedra.)

Von Manstein was by die inval in Pole generaal-majoor onder Von Rundstedt wat 'n paar maande gelede sonder verhoor vrygestel is na 'n vierjarige aanhouding. Tydens die Russiese veldtog was hy in bevel van die 2de leër wat Sebastobol verower het. Later is hy na Stalingrad gestuur om die ontsetting van die stad te lei, maar ook hy kon nie die katastrofe voorkom nie. Tydens die terugtog uit Rusland het hy in 'n meningsverskil met Hitler geraak wat tot sy afsetting gelei het. Nogtans het hy nie deelgeneem aan die weerstand beweging van sy kamerade genl. Von Beck en Stauffenberg teen Hitler nie.

# BEHOEFTE AAN VOLKSBEWEGING IN RHODESIË

**Dat die behoefte aan 'n omvattende volksorganisasie ook in Suid-Rhodesië bestaan, blyk uit 'n beskrywingspunt wat gedien het voor die kongres van die Genootskap van Afrikaners in Suid-Rhodesië wat gister en eergister vergader het te Gwelo. Met die oog op die kongres het Die Volksgenoot berig dat die wenslikheid bespreek sal word om alle Afrikaanse organisasies in Rhodesië te nader vir die daarstelling van een „omvattende volksorganisasie wat die werksaamhede van die talle verenigings kan saamsnoer."**

Die Genootskap is nie 'n politieke party nie en hy skryf ook nie aan sy lede voor aan watter party hulle moet behoort nie. Hy beveel wel aan by sy lede om aan een of ander politieke party te behoort en alle maatreëls te ondersteun wat in belang van die land is.

Uit die talle beskrywingspunte voor die kongres blyk dit dat die Genootskap duidelike staatkundige leiding sal gee oor alle sake rakende die Afrikanergemeenskap. Sake soos federasie met die Noorde; onderrig van Afrikaanse kinders; gemengde huwelike; Asiatiese indringing in Suid-Rhodesië, was op die agenda.

Die Ossewabrandwag vertrou dat die Volksbeweging van ons mede-Afrikaners benoorde die Limpopo 'n geslaagde en geseënde kongres gehou het.

## 'VREDE KAN MET JAPAN GESLUIT WORD'

Die kommunistiese bedreiging van Japan is nou verby, die land se nywerhede het herstel en Japan is nou gereed vir die ondertekening van 'n formele vredesverdrag, aldus die amptelike verklaring wat deur genl. Douglas MacArthur, Geallieerde opperbevelhebber in Japan, uitgereik is by geleentheid van die vierde herdenking van die Japanse oorgawe.

'n Klein kommunistiese minderheid het aanvalle op die integriteit van die demokratiese vooruitgang gedoen, maar hierdie aanvalle is gestuit. Japan het al sy oorgawe-verpligtinge getrou en ten volle nagekom en het die vryheid en waardigheid en die nuwe geleenthede wat die aanbreking van formele vrede sal meebring, in alle opsigte verdien.

Die verslag verklaar dat daar geen gevaar bestaan dat 'n polisie-staat" sal herleef nie; dat Japan op pad is om selfvoorsienend te word; dat dit nie vir Japan nodig is om met kommunistiese Sjina handel te dryf nie; dat die pogings van die Geallieerde besettingsmagte om Japan weer op te bou en te reoriënteer, met groot welslae bekroon is.

## Staatsbestuur Word Steeds Duurder

Die stygende koste van staatsbestuur in die demokratiese lande is 'n teken van die tyd. Ook Suid-Afrika en veral Engeland worstel teen steeds groter wordende staatsuitgawe. Syfers vir Amerika is onlangs deur Herbert Hoover, voormalige Amerikaanse president, verstrek.

Twintig jaar gelede, het hy gesê, het die gemiddelde gesin minder as £50 per jaar betaal vir alle vorme van staatsbestuur. Vandag kos dit 'n gesin ongeveer £325. **Die Amerikaanse burger moet tans 61 dae in die jaar werk om te betaal vir sy regering.** Twintig jaar gelede was daar een staatsamptenaar vir elke 40 burgers; vandag is daar een vir elke 22.

# O.B.-DAG FUNKSIE!

**Saterdag 17 September 1949**

**om**

**7-uur nm. op die plaas van**

**Komdt. C. P. J. du Toit, Houtbaai, Malanstasie.**

**AANDETE EN BRAAIVLEIS.**

*TOESPRAAK*: W. R. LAUBSCHER.

Alle offisiere en Brandwagte van omliggende kommando's word uitgenooi om mee te doen. Opbrengste gaan vir O.B.-dag Fondse.

## Soos Ons Lesers Dit Sien

# MOET VROEËR KAN BEGIN WERK

**Mnr. A. L. de Jong, Robertson, skryf:** Ek wonder wat die kleurlinge, wat voorgewend so verdruk en onderdruk voel dat hulle groot stede toe vlug, sal sê as ons blankedom nou daarop gaan staan om die bestaande wetgewings deur die bank te laat toepas sodat ook hulle eers Std. VI moet aflê en die ouderdom van 16 jaar moet bereik voor en aleer hulle tot enige arbeidsaamheid mag toetree?

Al ons arbeidsbeheerwette — Fabriekswet, Nywerheidsversoeningswet, Loonwet, Masjineriewet en Winkel- en Kantoorurewet — vereis 'n Std. VI (minstens) en 16e jaar as toelaatbaar tot enige vakroeping. Nogtans sit die bou-, skilder-, kuiper-, kleremaak- en ander bedrywe vol van nie-blankes wat nie aan genoemde voorskrifte voldoen nie. Wat meer is, in etlike bedrywe is toetreding as vakleerling bo 21 jaar slegs by spesiale ooreenkoms toelaatbaar, en tog is daar talle en talle nie-blankes wat op enige ouderdom tot 'n vak toetree. Is dit nie 'n proses wat oplossing van baie vraagstukke in die weg staan nie? Is dit die Liberaliste wat die ondermyning van die blanke se regte oogluikend toelaat?

Negentienjariges van ander wêrelddele stroom ons land binne, gewapen met getuigskrifte van afgelegde leerjongskap, omdat hulle reeds op13/14 jarige leeftyd tot ambagte en ander roepings kon toetree. Die oorsese jongman spaar van 19 tot 23 om te kan trou. Volgens vereistes van etlike arbeidsraade in ons land kan die leerjong eers met sy 22/23 jaar die vakleerlingskap aflê; hy spaar vanaf sy 22/23 jaar en het dan nie eens meer troulus nie en kon al die vader van twee kinders gewees het, as hy, soos die immigrant, op 19-jarige leeftyd begin te spaar het.

Ons smag na blanke immigrasie, in 'n land wat, na bewering, vinnig uitbrei op nywerheidsgebied. As daar 'n tekort is aan arbeidskragte waarom dan nie die toetredingsjaar vervroeg nie?

# AFRIKANERS MOET VERSTERK WORD

**„Oom Paul se Seun", Kaapstad, skryf in Engels:**

'n Immigrant wat onlangs aangekom het, het aan my gesê: „Ek glo nie wat ek in die Verenigde Party-pers lees nie, maar waarom stel die regering sy standpunt nie ook aan ons in Engels nie?"

Ongelukkig maak die Engelse volksdeel hulle nie moeg om Afrikaans te leer nie sodat aan hulle die mees fantastiese stories in die Engelse pers vertel kan word. Dit is baie maklik om hulle in te prent dat die Afrikaners met hul onverstaanbare taal besig is om allerlei geheimsinnige dinge teen hulle te beplan, en dat enigiemand wat 'n baard het met agterdog en haat bejeën moet word. As ons met hulle in hul eie taal oor die radio of in 'n blad in Engels kon praat, sal baie sonder twyfel met 'n ope gemoed na ons luister. Maar solank dit nie die geval is nie kan ons maar net op 'n baie klein aantal Engelssprekende ondersteuners reken. Hul gedagtes is deur die Engelse pers vergiftig en die politieke verdeling het een van spraak geword. Hulle sal enigiets ondersteun wat hulle met Brittanje verbind (soos die B.B.C.-nuus) en iets geheimsinnig vind in enige stap in die rigting van 'n vrye en onafhanklike Suid-Afrikaanse volk. Toegewings op hierdie punt sal hulle nie wen nie. Ons het reeds te veel toegewings gemaak sonder 'n beter verstandhouding te bereik. Ek stel gevolglik voor dat al wat ons doen is om billik en regverdig te wees en origens ongestoord en vasberade voort te gaan.

Neem byvoorbeeld hierdie punt: die Engelssprekende deel is met 50,000 immigrante versterk en word nog steeds versterk, maar hoeveel versterking het die Afrikaners gekry? Dit sal darem billik en regverdig wees dat voorkeur verleen moet word aan immigrante wat die Afrikaner sal versterk tot tyd en wyl 'n gelyke getal aangekom het.

Soos ek reeds gesê het, is die skeiding hoofsaaklik gegrond op taal, sodat immigrante wie se taal die naaste aan Afrikaans is, die beste is. Maar ek laat dit aan die leser om te oordeel watter nasionaliteite die beste aanpas by die Afrikaner. Die Afrikanervolk moet vermeerder word in dieselfde verhouding as die Engelse deel indien hy nie oorstroom moet word nie.

# OUDSTRYDER STEUN O.B.

**Mnr. P. A. Karsten, Distrik Keetmanshoop, S.W.A., skryf:**

Ek lees die O.B.-blad gereeld. Ek is 'n oudstryder wat in 1874 gebore is, en ek gaan op elke punt saam met die Ossewabrandwag omdat die Ossewabrandwag onbeweeglik vasstaan vir sy land en volk. Die rede waarom ek wegskram vir die ander Afrikanerpartye is dat toe wyle genl. Hertzog die oorwinning behaal het, het hy homself tevrede gestel daarmee. Maar ek en duisende saam met my was nie tevrede nie en is nog nie. Nou word ek weer bang en dink: is die Nasionale leiers nie dalk ook tevrede nie?

# DAN MOS NIE OP 'SPEAKING TERMS'

**Mev. J. Theron, Koffiefontein, skryf:**

Op 26 Augustus was hier 'n Nasionale dag-viering van die H.N.P., en dit het my voorgekom asof die bedoeling ook was om die uitslag van Bloemfontein se tussenverkiesing te vier. Ek het nie geweet dat hulle so seker was van 'n oorwinning nie, maar toe hulle die teenoorgestelde verneem, het hul woede geen perke geken nie, en dit teen die O.B.! Het die Eerste Minister dan nie aan sen. Nicholls die versekering gegee dat sy party nie op „speaking terms" met die Ossewabrandwag verkeer nie? Volgens die uitlatings die dag hier is dit deur die O.B.'s wat hul stemme teruggehou het dat die H.N.P. die setel verloor het, want, so sê hulle, „die . . . O.B.'s het net 'n stem en dan is hulle nog te sleg om dit gebruik."

Nou vra ek u, is dit 'n klanklose stem wat hulle begeer? Ons weet almal hoe besorgd ouers raak as hul kinders se stemme hees word, en as dit nog sy klank verloor, sal hulle die grootste moeite en koste nie ontsien nie om dit te herstel, want daardie stemmetjie is kosbaar vir die ouer sowel as die kind. Maar wat doen ons regering? Hy verkies, ja doen selfs sy bes om die klankloosheid van sy volk se stemme te besit. Voorwaar 'n ongewone affêre! Ek persoonlik is verheug dat die O.B.'s darem nog hul stemme besit — en oppas ook, want ter bestemder tyd sal hulle dit laat geld soos dit ons Allerhoogste behaag.

## Persmenings:

(vervolg van bladsy 2, kolom 5)

### Fluisterstories

J. H. R., Heidelberg, Tvl. skryf in Die Vaderland:

Dit skyn of min. N. C. Havenga en die Afrikanerparty die voorwerp word van fluisterstories. By ons rond word reeds gehoor dat mnr. Havenga nie ten gunste van apartheid sou wees nie, dat dit sy skuld is dat die „rooi lussie" nog nie van ons leëruniforms verwyder is nie en dat die „Republiek binne die Statebond" eintlik sy gedagte was!

Daar is byvoorbeeld aan 'n Oudstryder vertel: „hoewel ons dit nie mag sê nie, maar mnr. Havenga is nie ten gunste daarvan om aan alle Oudstryders, ongeag hulle finansiële vermoë, die Oudstryderspensioen toe te ken nie. 'n Volksraadslid het dit self gesê."

Die sinloosheid van hierdie bewerings laat ons daar, maar ons weet watter ontsaglike kwaad sulke fluisterveldtogte in die verlede reeds gedoen het. Ons vertrou dat daar dringend gewaarsku sal word teen sulke kleinlike verdagmakery terwille van twyfelagtige partyvoordeel. Kan partybelange dan nie ondergeskik gestel word aan die belangriker volksbelang nie?

**Hoe gouer ons kan terugkeer na 'n partylose staat soos die van die ou Republieke, waar slegs volksbelang gedien was, hoe gouer sal ons weer ons politieke lewe op 'n eerbare basis kan stel.**

### Staatsmotors Misbruik

Op die kongres van die H.N.P. in Johannesburg het die Minister van Vervoer, mnr. Paul Sauer, hom skerp uitgelaat teen die misbruik van staatsvoertuie deur regeringsamptenare. Die Minister het gesê dit is 'n skandaal wat aangemeld moet word.

In die Engelse pers is in die jongste tyd daarop gewys dat regeringsmotors se petrolverbruik met 50 persent toegeneem het in die afgelope jaar.

# ARARAT BESTYG OP SOEK NA NOAG SE ARK

**In die aangesig van kwaai Russiese teenstribbeling het 'n Amerikaanse geselskap uiteindelik verlede week die berg Ararat bestyg om te soek na die ark van Noag. Die berg is 17,000 voet hoog, maar volgens gegewens waaroor hulle beskik, word gehoop om die oorblyfsel van 10,000 jaar gelede 'n paar duisend voet laer aan te tref. 'n Turkse militêre wag vergesel die groepie wetenskaplikes wat onder leiding staan van 'n rustende sendeling, dr. A. J. Smith.**

Dr. Smith het in 'n personderhoud verklaar dat hy oortuig is dat die ark daar moet wees. Verlede jaar het 'n boer wat die berg bestyg het, berig dat hy daar 'n voorwerp ontdek het wat lyk na 'n groot skip. Dit is in 'n kloof ontbloot na 'n sneeu-vloed. Dr. Smith meen dat die weertoestande tans ooreenstem met wat dit verlede jaar tydens die ontdekking was. Volgens beskrywing moet die ark ongeveer op 'n hoogte van 10,000 voet rus.

Dit is nie die eerste keer dat daar sprake van die aanwesigheid van die ark is nie. **Tydens die tweede wêreldoorlog het Russiese vlieëniers ook berig dat hulle 'n voorwerp op die berg gesien lê het. Wetenskaplikes meen dat die ark ten spyte van sy ouderdom tog behoue kon gebly het weens die ys en die feit dat Noag dit met pik bestryk het.**

**TEENSTAND**

Van amptelike Russiese kant is pogings aangewend om die onderneming te laat misluk deur aantygings van spioenasie — Ararat lê in die Koukasiese gebergtes op die grens tussen Rusland en Turkye. **Daar word gemeen dat die Russiese regering nie soseer bekommerd is oor die moontlike militêre aspek van die onderneming nie as die vrees dat die ark dalk tog ontdek kan word en 'n verdere stawing van die Bybel kan wees.**


Die Moorreesburgse Landboutentoonstelling-Genootskap

# TENTOONSTELLING

OP

**Woensdag en Donderdag, 21 en 22 September 1949**

op die Tentoonstellingsterrein

Die Tentoonstelling sal geopen word op DONDERDAG, 22 SEPTEMBER om 11-uur vm.

***Hekke gaan oop om 7-uur vm.***

**GROOT VERTONING**

Pragtige Jersey- en Friesbeeste, Karperde, Karesels, Rryperde, Spanne Esels, Spanne Perde, Varke, Skape, Pluimvee, Duiwe, Graan, Groente en Huishoudkunde.

Motors word toegelaat binne die terrein.

Luisprekers op die veld—Musiek.

Verversings en Middagete op die terrein te kry.

Skrywe dadelik in by die Sekretaris: J. H. VAN HEERDEN,

Foon 30 en Woonhuis 1513.

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing, 2d. per woord.. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks):** 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

## GEBOORTE

**BEKKER.** —Aan Generaal en Mev. S. P. Bekker van Kleinfontein, Tarkastad, 'n fris seun op 6 September. Dank aan die Gewer. 14/9/2B

## ALGEMEEN

**„BERGHEIM" — Vakansieoord, Posbus Kroondal, RUSTENBURG. Telefoon 1023, Rustenburg.**
Goeie smaaklike etes, elektriese lig, binneveermatrasse, water in kamers, perdry, beste swembad, tennis en ander sport. Mooiste plek van omgewing. Terme redelik. —
**K. J. H. Behrens.**

## TE KOOP

1 Case D. C. Trekker in uitstekende toestand, gebruik niks olie, besonder lig op brandstof. Voorbande splinternuut, agterbande kan nog twee jaar diens doen. Prys £365. V.O.S. KAALLAAGTE STASIE. — **B. du Buisson,** Kraalpunt, P.K. Paul Roux.

**BOERMEEL** met ons bekende steenmeule gemaal 21/7 per 100 lbs.; gesifte meel 24/9; witbroodmeel 26/5; 28/1 algar 100 lbs. — Lê-meel 26/6; Melkmeel 22/6; Vark-vetmaakmeel 22/6 algar 150 lbs. — Welcome Dover Kombuisstowe met skoorsteenpype: Grootte 7 — £6 5/-; Grootte 8A — £7 10/-. Sluit asseblief bankkommissie in en stuur gebruikte sakke terug. K.M.B. — **Mission Store,** Elim, K.P.

**DEKRIET: DEKRIET:—** Stuur u betellings vir Dekriet aan ondergetekende. Net die beste gehalte riet onder persoonlike toesig word gelewer. **J. S. Badenhorst, Bus 3, Albertinia.** 22/6/4.

**PATATRANKE:—** Sesmaande 83 lb. 7/-; driemaande wit 83 lb. 8/-. Steggies reg vir plant ses- en driemaande 6/- per 1000. Borrie 7/-. Gelewer SERPENTINE. K.M.B. Tevredenheid gewaarborg. **B. H. Gerber, C/Sn., P.K. Hoekwil, George.** 24/8/TK

**WATTELPALE EN SPARRE.** — Hoekpale 8 voet lank, 6 tot 8 duim bokant dikte 2/- stuk.
Gewone pale 6 voet lank, 4 tot 6 duim bokant dikte 9d. stuk.
Spanpaaltjies 4 voet lank, 1½ tot 2½ duim bokant dikte £3 10/- per 1000 met bas.
Spesiale stringstokke vir tabak 4½ of 5 voet lengtes £2 15/- per 1000, met bas.
Gelewer Charlestownstasie. Bestel van: **L.S. Buys, Amajuba, P.K. Charlestown.** Kontant met bestelling. 31/8/TK

## GROENTESAAD

**VARS GOEWERMENTSGESERTIFISEERDE GROENTESAAD:** Chantenay Wortel 6/6; Detroit Beet 5/6; Ice Cream Waatlemoen 8/6; Wonder en Tom Watson Waatlemoen 7/6; Honey Dew Spanspek 7/6; Little Gem, Langwitbos en Groen Hubbard Skorsie 8/-; Marvel Tamatie 30/-; Beauty and Marglobe 32/6 lb., 9/- ¼ lb. posvry. Volledige pryslys gratis van **KANGO SAADKWEKERS,** Posbus 107, Oudtshoorn. 13/7/T.K.

## GESERTIFISEERDE GROENTESAAD

Chantenay-wortels 6/-; Detroit-beet 4/-; Blaarslaai 17/6; Spitskopkool 8/- per pond, posvry. Verkry volledige pryslys van **Premiers,** P.K. Schoemanshoek, Oudtshoorn. 6—4TK

## GRYSHARE

**GRYSHARE,** skilfers, ou voorkoms, onnodig. Oortuig u self deur **GRYSHAARWONDER** die jongste kunsmatige wêreldwonder, haar en kopvel voedingsmiddel te gebruik, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel, geld met bestelling.—**Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. D/1/9/49

## MEDISYNE

**GESONDHEID** is u regmatige erfenis, oortuig u self deur ons behandelings te gebruik en u kwaal te ontwortel, skryf, inligting gratis, **Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. B/1/9/49

**Siektes en kwale verban!** Operasies vermy en gesondheid herstel. Waarom dan sal u langer ly? Skryf, meld besonderhede, raadpleeg **Die Boerevrou,** Bus 7559, Johannesburg. (Nr. 2) 1/9/49

## MEUBELS

**MEUBELS.** — Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. —**VISSER-MEUBELS,** Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11

## RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

## SOUT

**SOUT** vir dadelike aflewering in goeie sakke. Brandwagte, om 'n eerlike bestaan te maak vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. Spesiale A1 80/-; Sneeuwit No. 1 70/-; Wit No. 2 60/- per ton vrygelaai. Soutwerke tevredenheid gewaarborg. Adres: **Komdte. Mev. Martie Venter, Possak No. X4, Arbeidsloon, Bloemfontein.** 19/1/TK

## TEE

**CEDERBERG-ROOIBOSTEE:** Ondersteun u eie S.A. produk; suiwer eerstegraad spesiaal gekweek vir sy besondere geur en voordeligheid: **Verpakker „Teekoning", Citrusdal, K.P.** 22/6/TK.

# IS U 'N REPUBLIKEIN?

# Dan is DIE O.B. u blad

**VUL ASSEBLIEF HIER IN**

Die Bestuurder,
Voorslag (Edms.) Bpk.,
Posbus 1411,
KAAPSTAD.

Waarde Heer,

Neem asseblief my naam op as intekenaar op Die O.B. tot ek u in kennis stel om toesending te staak. Hierby ingesluit vind u die bedrag van.......................................

vir die eerste...............................maande.

**NAAM:** ..........................................................
**(Naam en Adres in Blokletters)**

**POSADRES:** ..................................................

..........................................................

..........................................................

..........................................................
*Handtekening.*

Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.
***Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.***

# VERVOLGVERHAAL

(vervolg van bladsy 7, kolom 5)

tjies weggesteek. Toe het hy ook maar gemaak dat hy van oom Teuns af wegkom.

Die speurders het nou klaar beraadslaag. 'n Paar het oom Teuns ondervra terwyl van die ander die huis deursoek. Of liewer, hulle het die huis omgekrap. Want hulle het net so tekere gegaan soos die klomp wat sy mammie se huis op horings gehad het.

Die tannie het nou gestaan en toekyk en gehuil. Oom Teuns kon nie by haar kom nie, maar hy het darem vir haar gesê: „Ou vrou, moenie aan hulle wys dat jou hart seer is nie. Ons is mos Afrikaners!"

Die tannie het haar trane afgedroog en nie meer gehuil nie. En klein Ben wat ook maar naby trane was, het besluit om ook nie te huil nie en vir hulle te wys dat hulle 'n Afrikanerkind nie kan seer maak nie.

Tog het hy maar baie sleg gevoel, want oom Teuns was goed vir hom en hy het hom baie liefgehad. Hy het toe maar gestaan en toekyk hoe die speurders die goed rondsmyt; en gewonder of hulle dan nie maniere het nie. Hy het toe maar besluit dit is omdat hulle die Engelse se vuil werk vir geld doen; want sy mammie het hom vertel van die ou Joiners in die Boere-oorlog wat ook vir die Engelse al die vuilwerk gedoen het en nog baie slegter was as die ou Kakies.

'n Paar dae later het die tannie vir hom vertel dat sy pappie ook gevang is. Klein Ben is toe terug na sy mammie, sussie en boetie. Want sy mammie het nou sonder sorg gesit. En hy is tog sy pappie se groot seun wat sy mammie moet oppas terwyl sy pappie weg is.

Sy pappie en oom Teuns en nog 'n ander omie het lank in die tronk gebly. Maar hulle het niks teen hulle gehad om te bewys dat hulle enigiets gedoen het nie. Die regering het hulle toe maar na die Interneringskamp gestuur. En daar moes hulle vir 'n baie lang ruk bly, nie omdat hulle iets verkeerd gedoen het nie, maar net omdat hulle Afrikaners is wat hulle nie voor die Engelse oormag wou buig soos die agtduisend Israeliete hulle nie voor die Baälse afgod wou buig nie.

Bennie se pappie het lank in die kamp gebly. In die tussentyd het klein Ben se mammie by ander mense in kamers gaan woon. Want hulle was nou baie arm en daar was niemand wat kon sorg nie.

Terwyl hulle hier gewoon het, is sy ander boetie gebore. Hulle was nou vier kinders en almal maar baie klein. Maar klein Ben het hom grootman gevoel, want hy is mos die oudste. Hy wou net alles vir sy mammie doen en was so spyt omdat hy nog nie kon gaan werk soos sy pappie gewerk het nie.

Maar hy kon nou al skryf en in een van sy mammie se briewe aan sy pappie het hy ook 'n briefie ingesit en vir sy pappie laat weet dat hy hom tog nie moet bekommer, nie, want hy sal na sy mammie kyk.

Tog was dit nie lekker om so sonder 'n pappie by die huis te wees nie. Veral nie as sy mammie so alleen sit en daar trane in haar oë kom nie. Dan voel hy ook sommer of hy kan huil. En hy moet tog nie voor sy sussie en boeties grens nie. Hy moet vir hulle mos 'n voorbeeld wees hoe 'n stormjaer se kinders hulle gedra.

Maar sy pappie het na 'n lang ruk teruggekom. Ai, en was dit nie 'n blyskap nie! Hy en sy sussie en kleinboetie het nou elke aand sy pappie ingewag as hy in die straat van die bushalte af kom. Want sy pappie het nou nie meer nodig gehad om te vlug nie en kon gaan werk. En hulle het weer in 'n eie huis gaan bly en sy pappie het vir hulle weer geldjies gegee vir lekkergoed, en hulle belowe dat vader Krismis hulle hierdie kersfees sommer elkeen 'n groot present sal bring. Want hy het hulle mos met die kersfees toe sy pappie in die kamp was heeltemal oorgeslaan!

## PLUIMVEE

**Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:**

**C. M. ELOFF EN KIE.**

**(Edms.) Bpk.**

**MÔREMARK (Posbus 7185) Newtown**

# KAN WEEFSELS NOU OOK FOTOGRAFEER

**'n Nuwe metode om met X-strale af te neem, stel geneeskundiges tans in staat om ook die sagter dele van die menslike liggaam met hierdie hulpmiddel na te speur.**

Tot dusver kon slegs die skelet-dele en organe wat lug bevat, soos die hart en longe, afgeneem word, terwyl ander organe, soos die spysverteringskanaal, slegs met behulp van 'n middel, soos barium, gefotografeer kon word omdat dit vir X-strale ondeurdringbaar is.

Die nuwe metode is ontwikkel deur dr. Arne Frantzell, van Upsala. Hiermee kan sowel die vel as die spire gefotografeer word om omvang en vet-inhoud te toon. Die suur-inhoud van die vel kan dus vasgestel word en trombose kan op 'n veel vroeër tydstip as voorheen gediagnoseer word.

Kwaadaardige gewasse kan op hierdie wyse ook vroeër ontdek word as wat die geval sal wees as op die gevoel van die dokter se hand afgegaan moet word. Laasgenoemde metode kon ook nooit 'n aanduiding gee van die grootte en omvang van die gewas nie, wat X-strale wel kan doen.

'n Vraagstuk wat al lank die aandag besig gehou het, is die afwesigheid van enige verandering in die omvang van spiere by veroudering en verswakking. Die nuwe X-straal-metode verskaf grond vir die sienswyse dat die verswakking toe te skryf is aan die vervanging van spiere deur vet. Hierdie proses begin vroeg — in die dertigerjare.

# V.V.O. SIEN NIE KANS VIR GEBED

**Sedert die stigting van die Verenigde Volke-organisasie is daar van baie kante kritiek uitgeoefen op die organisasie se gebrek aan godsdienstige sin. Talle briewe het na die sekretariaat gestroom waarin versoek is dat die verrigtings met gebed geopen moet word, maar die saak is nog steeds ontduik. Toe daar onlangs 'n voorstel gekom het dat daar in die nuwe hoofkwartier in Manhattan voorsiening gemaak moet word vir 'n kamer van gebed, is 'n komitee aangestel om daarop in te gaan. Volgens „TIME" het die komitee die vraagstuk omseil deur aan te beveel dat elke jaarlikse sitting geopen en gesluit word met 'n minuut stilte wat elke afgevaardigde na willekeur kan gebruik vir gebed, oorpeinsing of oorweging van die vyfjaarplan. „Die minuut-lange knik voor God — of vir die produksie in die koeëllaer-fabriek — is bereken om die minste aanstoot aan die kleinste getal te gee.**

**„En selfs dit het nouliks die paal gehaal. Uit 15 komiteelede het net agt daarvoor gestem," aldus die blad.**

# PARTYSTRYD

Die Verenigde Party is besig met 'n groot veldtog in Kaapland vir die werwing van lede en fondse. Die party stel hom ten doel om minstens 100,000 nuwe lede te werf.

Die Engelse pers het verlede week berig dat die H.N.P. se fondse uitgeput is volgens 'n rondskrywe van die party aan alle parlementslede met die versoek dat kragte ingespan moet word om die fondse weer aan te vul.

# Britse Gebaar In Dollarstryd

Die samesprekings tussen Amerika, Engeland en Kanada die afgelope dae in verband met Engeland se betalingskrisis het 'n sware opoffering vir die twee Britse verteenwoordigers, Ernest Bevin en sir Stafford Cripps, meegebring. Van Amerikaanse kant is die afgelope tyd sterk daarop aangedring dat Brittanje sy bereidwilligheid sal moet toon om opofferings te maak ten einde goedkoper bemarkingsware te lewer — hetsy deur harder werk of deur aanvaarding van laer lone.

Om darem die Amerikaners enigsins in die oë te kyk het Cripps en Bevin kort voor die konferensie aangekondig dat hulle twee rook opgegee het.

# Offisiere Van Gebied B Vergader

'n Gebiedsvergadering van alle kommandante en hoëre offisiere asook gekoöpteerde lede in Gebied C, word op Woensdag 28 September, in die sykamer van die stadsaal op Cradock gehou. Behalwe algemene werksaamhede sal daar ook besluit moet word oor die samesluiting van Gebiede A en B (Wes- en Oos-Kaapland).

Die vergadering sal bygewoon word deur die Voorligtingsoffisier, genl. W. R. Laubscher, asook die Gebiedsleier, genl. P. J. Botha, en die Gebiedvrou, genle. mev. Michau.

In 'n mededeling het die Gebiedsleier daarop gewys dat hierdie deel swaar geteister word deur 'n droogte en dat dit dus 'n groot opoffering vir offisiere sal wees om die vergadering by te woon, maar hy hoop dat hulle teen die tyd al klaar geskeer sal hê en tog moeite sal doen om die vergadering by te woon.

DIE
Boere Jeug
AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 14 SEPTEMBER 1949

ONS VERVOLGVERHAAL

# DIE AVONTURE VAN KLEIN BEN

DEUR H. S. VAN BLERK

**OOM SE SEUN!**

**HOOFSTUK VII**

„Onthou nou mooi, Bennie? Jy gaan bly nou by oom Teuns, en as mense jou nou vra wie se seun jy is, moet jy maar sê jy is oom Teuns se seun."

„Goed, Pappie, ek sal so maak."

„En by die skool ook moet jy maar vir die ander kinders sê jy is oom Teuns se seun."

„Ek sal dit onthou Pappie."

„En dan leer jy nou maar fluks, hoor?"

„Ja, Pappie."

Bennie voel baie trots vanoggend. Want van vandag af gaan hy ook skool. Maar hy kan nie soos ander kindertjies skoolgaan nie. Sy pappie is 'n vlugteling. En as hy skooltoe gaan en sê hy is sy pappie se kind, sal hulle mos gou sy pappie se adres agterkom en hom vang.

Nou het sy pappie en mammie besluit dat klein Ben by oom Teuns sal gaan bly. Oom Teuns en sy pappie het dieselfde van; en nou sal hy maar vir almal vertel dat hy oom Teuns se seun is.

Hulle is met 'n motor op pad na oom Teuns se huis. Dit is nog betreklik vroeg, maar klein Ben is doodbang dat hy laat by die skool sal kom. En hy wil tog nie graag laat kom nie.

Hulle gaan nou 'n klein steiltetjie uit. Net agter die bultjie begin 'n lang afdraande tot amper by oom Teuns se huis. Maar net voordat hulle oor die bult is, gaan die motor staan. Bennie se pappie probeer die enjin 'n paar keer aan die gang sit, maar dit help niks. Klein Ben blik na agter en sien 'n motor aankom. Hy spring dadelik uit die kar.

„Ek sal die kar stop," sê hy vir sy pappie. „Bly Pappie maar in die kar sit sodat hulle Pappie nie sien nie". Want hy is bang die mense herken sy pappie dalk. En sy pappie mag nie gesien word nie.

Kordaat staan hy in die middel van die pad en hou sy handjie op. Die vreemde motor kom tot stilstand. Beleefd vra hy die man agter die stuurwiel of hy hulle motor nie so klein stootjie sal gee tot hy die afdraande vat nie. Die man willig in en klein Ben spring haastig voor by sy pappie in.

Die motor loop sommer vanself die afdraande en kom 'n endjie duskunt oom Teuns se huis tot stilstand. Die verdere endjie stap hulle. Klein Ben, altyd so 'n endjie voor sy pappie, want hy is nou baie haastig om by die skool te kom.

Die volgende weke gaan hy straf skool. Maar hy kry ook swaar. Want almal wil weet wie sy pappie is. Hy sê dan maar dat oom Teuns sy pappie is. Maar dit wil hulle nie almal dadelik glo nie.

„Ek ken oom Teuns dan al so lank en ek het nooit 'n seuntjie van jou ouderdom daar gesien nie?" sal party mense vir hom sê.

„Ja, Omie, maar ek was altyd siek gewees; ek het nooit buitekant gekom nie. Ek is al sewe jaar en ek gaan nou eers skool", eindig hy met sy troefkaart om te bewys hoe siek hy regtig was.

Hy is maar in die laagste klas. Daar is ander oudjies wat kleiner as hy is wat 'n klas hoër as hy is. Maar dit laat hom nie sleg voel nie. Hy dink daaraan sy pappie is 'n stormjaer wat nie bang is om teen die Engelse wat hulle land afgeneem het, te baklei nie. En hy dink ook daaraan dat hy grootmensgeheime het, sommer baie dinge weet waarvan hierdie ander kinders niks weet nie. En dan kyk hy maar uit die hoogte op hulle neer.

Eenkeer, nadat hy maar 'n paar dae in die skool was, het een oudjie vir hom gevra: „Wat is jou naam?"

„Ek is Ben Brink," het klein Ben geantwoord.

„Kan jy al jou naam skryf?"

„Nee, nog nie."

„O, sies, jy kan nog nie eers jou naam skryf nie!" het die ventjie minagtend gesê..

En toe het klein Ben hom gruwelik vererg: „Jy kan miskien jou ou naam skryf, maar kan jy al 'n geweer laai, of het jy al gesien hoe hulle 'n bom maak? Jy het nog nie eers gevlug nie, pê! Maar dit is omdat jou pappie 'n ou hanskakie is wat die Engelse se vuil werk doen." Ai, klein Ben was woedend.

Maar die middag toe hy by die huis kom, het hy baie groot geskrik.

Klein Ben het nooit tyd gehad vir 'n polisieman nie. Outa Ramkat het hom te veel vertel van hulle manier om 'n mens met die piek-mie-up te vang en in die stokkies te gooi. Daarom was hy maar baie lugtig vir hulle.

En noudat hulle die speurders help om sy pappie te vang, het hy nog minder tyd vir hulle. Want hulle werk mos vir die ou oom Jannie wat eenkeer 'n Boeregeneraal was, maar nou die Boere, soos sy pappie, vang omdat hulle teen dieselfde Engelse baklei, teen wie oom Jannie in die Boereoorlog baklei het toe die Engelse so baie vrouens en kindertjies in die kampe vermoor het. Sy mammie het hom alles daarvan vertel.

En nou, vanmiddag, nadat hy die rusie met die klein hanskakie gehad het, moet hy hom teen een vasloop. En dit nogal in oom Teuns se huis. Toe hy, lekker honger by die voordeur instap, en net dink aan die lekker kos wat die goeie tannie vir hom gaan voorsit, was die sitkamer maar baie donker. Hy kon nie dadelik die mense wat daar sit, herken nie. Maar toe hy reeds in die middel van die vloer is, steek hy vas en is so verskrik dat hy nie eers die mense groet nie. Want reg voor hom in een van die leunstoele sit 'n yslike groot polisieman.

Oom Teuns sit ook daar; en terwyl klein Ben verskrik staan en nie weet wat om te doen nie, wys oom Teuns met sy vinger na hom en sê: „Dit is hy."

Ai, toe dog klein Ben dit is nou klaar met hom! Dadelik dink hy die klein hanskakie het hom gaan weggee omdat hy so baie van geweers en bomme weet.

Die groot polisieman staan op en kom na klein Ben: „Knapie, ek is bly om jou te ontmoet," sê hy.

„Oom Teuns is my pappie," verduidelik klein Ben gou, en hy neem hom voor hulle kan maak net wat hulle wil, maar hy sal nie vir hulle sê wie sy pappie is nie.

„Ek ken jou pappie", sê die polisieman. „Jou pappie en ek is baie groot vriende. En ek kan sommer sien jy is so uitgeknip jou pa se seun."

„Nee, Omie," hou Bennie vol, „ek is oom Teuns se seun." Bennie kyk oom Teuns smekend aan. Hoekom sê oom Teuns tog nie ook dit is so nie?

Die polisie-oom hou nog steeds klein Ben se hand vas. En die oudjie kyk nou op na die groot man. Nou kyk hy af na klein Ben. Sy oë is baie vriendelik.

„Vra maar vir oom Teuns," sê klein Ben smekend.

„Wil jy my sê hierdie knaap kon sulke dinge aanvang?" vra die polisieman-oom aan oom Teuns.

En oom Teuns vertel aan hom alles wat klein Ben gedoen het. Die polisieman-oom lag lekker daaroor, klop klein Ben op sy skouer met sy tamaai hand en sê: „Hou vol op die manier, my grootman. As ons ou volkie nog sulke kinders kan voortbring, sal ons nog die Engelse die see in jaag."

Dit kon klein Ben maar nie verstaan nie. 'n Polisieman! en hy praat soos 'n stormjaer!

Later toe hy sy ontsteltenis by oom Teuns gaan kla het oor die groot polisieman-oom se snaakse gedrag, het oom Teuns aan hom gesê: „Bennie, hy is ook 'n stormjaer."

„Maar hy is dan 'n polisieman, Oom!" het klein Ben verontwaardig uitgeroep.

„Ja, Bennie, maar daar is polisiemanne ook wat baie goeie Afrikaners is, en die saak van ons Volk dien. Almal is nie so sleg soos die troppie brandsiek speurders wat hulle mede-Afrikaners vang nie. Daar is goeies en hierdie oom wat hier was, is een van die bestes onder hulle", sê oom Teuns.

Dit het klein Bennie se hart goed gedoen om dit te weet, want hulle uniforms was nog altyd vir hom mooi.

Hy het nou so fluks geleer dat die onderwyseres eendag vir hom gesê het dat hy in 'n hoër klas geplaas sal word as hy so aanhou. Dit het hom baie bly gemaak, want hy is 'n stormjaer se seun; en 'n stormjaer se seun moet in alles uitblink en vir ander kinders 'n voorbeeld wees. Hy het harder geleer en wanneer oom Teuns hom naweke na sy ouers toe neem, kon hy maar nie genoeg praat van alles wat hy leer nie.

In die tussentyd moes sy pappie maar keer op keer weer padgee van die plek waar hulle woon. Die speurders het nog maar steeds na hom gesoek. En partykeer as oom Teuns hom na sy pappie-hulle neem, ry hulle glad 'n ander rigting as die vorige keer. As hy dan sê: „Maar Omie, ons ry nou verkeerd," sê oom Teuns net: „Nee, Bennie, jou pappie is nou die vliegende Boer, en hy het weer getrek."

(vervolg in kolom 5)

Somtyds as hy graag huistoe wil gaan, sê om Teuns, nee, hy kan nie gaan nie. En dan verstaan hy sommer. Die speurders was weer agter sy pappie aan en hy moes vlug.

Maar ook oom Teuns het nou versigtig begin handel. Dit het gelyk of hy ook nou lugtig begin word het vir die speurders. En die ooms wat vir 'n lang tyd by oom Teuns gewoon het en van wie klein Ben geweet het dat hulle vlugteling-ooms is, het nou een na die ander spoorloos verdwyn.

En een nag is Bennie deur 'n verskriklike lawaai wakker gemaak. En toe hy sy oë uitvryf, is daar lig in sy kamer en staan daar twee mans. Maar toe hy sy oë knip en weer kyk, herken hy die een as die slaperige ou speurder wat ook sy pappie wou vang.

Hy het bang geword en dadelik opgespring en by hulle verbygeskuur. In die eetkamer het hy oom Teuns, omring van 'n stuk of ses speurders gekry. Die tannie en die kinders het in die kombuis gestaan en die tannie het gehuil want hulle wou nie toelaat dat om Teuns naby haar kom nie.

Klein Ben het hom egter nie aan hulle gesteur nie en na oom Teuns gegaan. Hy het sy handjie in oom Teuns se groot hand gelê want oom Teuns was altyd baie goed vir hom. Toe oom Teuns sy hand in syne voel, het oom Teuns eers na die speurders wat met mekaar gestaan en gesels het, gekyk; en toe vir hom gefluister terwyl hy iets in sy handjie stop: „Vat en steek weg."

Bennie het die pak papiere dadelik gevat en onder sy kleer-

(vervolg op bladsy 6, kolom 3)

# BRIEWE-KOLOM

Posbus 1411,
Kaapstad.
14 Sept. 1949

Beste Maats,

Jammer dat ons julle 'n hele veertien dae moes laat wag het vir die Briewe-kolom. Hierdie week is daar egter byna genoeg om op te maak.

COENIE THERON van KOFFIEFONTEIN is baie bly dat daar nog 'n jeugbeweging soos die Boerejeug is, want sê hy, dit leer hom om koers te hou. Hulle skool hou een van die dae weer 'n basaar en die klomp is al erg nuuskierig om te weet watter klas die beste gaan vaar. (Coenie is een van ons gereeldste skrywers en is seker die jongste. Baie dankie vir die mooi briefie Coenie, ons hoop dat julle basaar sommer baie suksesvol sal afloop—Red.)

SARAH KLEYN van HOMTINI, oor GEORGE, is een van die ongelukkiges wat graag by die end van die jaar na die monumentsfees sou wou gaan, maar wat ongelukkig nie kan nie. Sy sien baie uit na aanstaande jaar wanneer sy na die Hoërskool gaan. Baie dankie vir die vormpie wat jy gestuur het Sarah. (Die mooi kenteken sal binnekort aan jou gepos word. As gevolg van al die reëlings wat getref moet word voor die end van die jaar, sal ons egter 'n bietjie moet wag voordat ons ook die ander uitstuur. — Red.)

VELDKNTE. BOTHMA van OUDTSHOORN, sê dankie vir die kenteken en die mooi boekprys wat sy vir die Opstel-wedstryd gewen het. Sy het ook 'n paar prent-grappies ingestuur waarvan ons later gebruik sal maak. — Red.)

HANNIE FERREIRA van OPKOMST, P.K. TWEERIVIERE is soos die drie hierbo spyt dat sy so lank gewag het om te skryf. Hulle is egter so bedrywig by die skool dat sy nie anders kon nie. Een van die dae is hulle 8 Augustus-fees en daarna is dit maar kort voordat hulle begin eksamen skryf.

Van Kanon-eiland is daar twee briewe. Veldknt. P. VAN RHYN stuur 'n paar name vir die Verjaardag-ketting. Noordewind vertel ook van die pannekoek-aand wat hulle wil hou. (Laat ons asseblief 'n mooi lang berig kry van die funksie, hoor. — Red.)

ANNA COETZEE skryf dat die Boerejeug se kanonne daar reeds dreun. Hulle het onlangs 'n goedgeslaagde vergadering gehou. Heelwat nuwe lede is by hierdie geleentheid ingeskrywe. Twee van Upington se Boerejeug-lede was ook teenwoordig. Hulle sien baie uit na die September-vakansie wanneer hulle 'n laertrek sal hou.

Lesers wat aan die einde van die jaar na die Inwyding van die Monument gaan sal die brief van Veldkornet P. v. d. Westhuizen van Pretoria interessant vind. Werk vorder glo baie vinnig by die Monument self en 'n mens kan die stof sien trek by die Amfiteater. Helfte van die granietwaens is al op hul plekke. Pretoria se Boereseuns is baie bly om te hoor dat ons terrein gekry het. Hulle sou buitendien daar gaan laertrek het — al was dit in die pad. Veldkornet v. d. Westhuizen vertel van hul konsert en fondsdag wat gehou gaan word. Met O.B.-dag moet hulle die vlaghysing waarneem en daar word reeds hard geoefen op Klipkoppies. Met die K.G. se verjaardag gaan hul na sy plaas. Hy sê hul sien al uit na die nuwe Vuurslag en bedank ons vir die Boerejeug kenteken.

Nog 'n brief van Pretoria kom van LOUISA v. d. WESTHUIZEN. Sy vertel hoe sy die uitstappie waarvan 'n baie elders verskyn geniet het. Sy vind die skoollewe ook baie prettig en sien uit na hul skoolkermis.

Van Posbus 106 Upington is dit weer LENIE DE KLERK wat skryf sy is bang sy word lastig. Skryf soveel as wat julle wil — ons gee nie om nie. Ons verwelkom dit. Lenie sê sy gaan haar Boerejeug kenteken raam en oorkant haar bed ophang. As sy soggens wakker word kyk sy eerste daarin vas— wat 'n oulike begin vir 'n dag is dit nie.

Persone wat belangstel in seëls veral Suid-Afrikaanse wat dateer voor die stigting van die Unie, kan gerus aan haar skryf. Sy stel baie belang daarin.

Boerejeug-groete,
BOEREJEUG-RED.

# VERJAARDAG-KETTING

Die volgende maats verjaar gedurende aanstaande week. Ons wens hulle van harte geluk.

**SEPTEMBER**

16 Fransina Aggenbach, Kakamas.
Thys Lotter, Franschhoek.
18 Gerhardus van der Westhuizen, Kakamas.
Llewellyn Bohlmann, Paarl.
K. Wolmarans, Oudtshoorn.
Magrietha Olivier, Oudtshoorn.
19 Jacoba Roets, Frankfort, O.V.S.
Hester le Roux, Stellenbosch.
Ingrid Snoek, Paarl.
Willem Steyn, Paarl.
20 Heinie Malherbe, Franschhoek.
21 Norman Vorster, Loxton.
Petronella Jooste, Loxton.
Bertie Koekemoer, La Motte, K.P.
Johannes Nel, Oudtshoorn.
22 Hugo van Aarde, Malmesbury.
A. Harmse, Oudtshoorn.

(vervolg van kolom 3)

# VERSKILLENDE RESEPPE VIR RASSE-HARMONIE IN UNIE EN RHODESIË

**Volgens berig in die Engelse pers het verskeie Afrikaanssprekende Suid-Rhodesiërs verlede week op die kongres van die Liberale Party gepleit dat Engels die enigste amptelike taal in die gebied moet wees. Die beginsel is dan ook eenparig deur die kongres aanvaar, word daaraan toegevoeg.**

**Die leier van die party, mnr. J. L. Smit, het verklaar dat die party se beleid is dat Engels die enigste amptelike taal moet wees in die Britse kolonie:**

„Ek is geen verraaier van die ras van my vaders wanneer ek hierdie beginsel ondersteun nie, **maar ons moet harmonie hê tussen die twee Europese rasse indien ons 'n groter Rhodesië wil opbou.** Die aanvaarding van hierdie beginsel sal dit uitbroei van rassehaat voorkom en sal enige spoor van vrees aan die kant van Engelssprekende Rhodesiërs verwyder. Dit sal meebring dat die twee seksies nie mekaar met agterdog sal bejeën nie en dat Engelssprekendes groter agting vir ons taal en tradisies sal hê. Dit beteken nie dat ons Afrikaans nie in ons eie huise mag praat of dat die huidige geriewe vir die onderwys van Afrikaans in die skole afgeskaf moet word nie."

### TEENSTELLING

'n Politieke party is natuurlik nie die aangewese organisasie van wie 'n mens sterk beginselleiding verwag nie. Soos wild graag wind-op wei, so is 'n party geneig om in die rigting van die grootste aantal stemme te beweeg. **Maar die beginsel wat deur die party neergelê is, staan in treffende teenstelling met 'n Engelse organisasie in die Unie, waar die Engelssprekendes hulle, op 'n klein persentasie na, in dieselfde posisie bevind as die Afrikaners in Rhodesië.** Hierdie organisasie is die Sons of England van wie heelwat in die afgelope week verneem is. In 'n verklaring wat deur die leiers van die S.O.E. uitgereik is, kom die volgende voor:

### BEHOORLIKE ERKENNING

**„Die organisasie se konstitusie eis die behoorlike erkenning van die Engelse taal. . . . Hy besef dat die toekoms van Suidelike Afrika afhang van die erkenning van die regte en voorregte van alle seksies, en dat dit slegs deur sterk, deurdagte leierskap en die hulp van elke Engelsman bereik kan word."**

Verder is verklaar dat die organisasie hom nog steeds beywer het vir **„rus en vrede en eenheid tussen alle burgers."**

Die teenstelling tussen die Rhodesiese partybeleid en die van die Sons of England is in die ooglopend. Albei begeer „rus en vrede" of „Harmonie," **maar terwyl die Afrikaanse leiers van die party in Rhodesië meen om hierdie vreedsaamheid te bereik deur afstanddoening van hul taalregte, sien die „Sons" dit in die „behoorlike erkenning van die Engelse taal" en in „sterk leiding" van die kant van die Engelse en van elke Engelsman.**

### LIEWER 'N „SON?"

As hierdie geluid in Rhodesië nie van 'n politieke party gekom het nie, en dit die amptelike houding van die Afrikaners in daardie gebied moes vertolk het, sou mens byna jou hoop op die Sons of England kon vestig vir die bevordering van Afrikaans aldaar! Daar kon dan selfs 'n Afrikaanse losie van die Sons of England gestig word, want hierdie organisasie „besef dat die toekoms van Suidelike Afrika — **dus ook Rhodesië** — afhang van die erkenning van die regte en voorregte van alle seksies." Miskien sal dit Afrikaners dalk nog beter te pas kom indien hulle lede van die Sons of England na die parlement stuur in plaas van lede van die Liberale Party!

### BAROMETER

**Of moet die houding van die Liberale Party-leiers juis toegeskryf word aan die feit dat die gees van die Sons of England onbeteuelde heerskappy voer in dié deel van „Suidelike Afrika" wat benoorde die Limpopo lê? Klaarblyklik.**

**As die gevoeligheid van 'n politieke party vir die geestelike klimaat van sy omgewing as barometer kan dien, dan registreer die besluit van die Liberale Party baie leesbaar: „Sons of England vir die huidige etmaal" — ongeag of die Sons of England as organisasie dit nou juis ooit nodig gevind het om sy waaksaamheid tot hierdie Britse kolonie uit te brei.**

---

## *CALEDON SE FUNKSIE*

(vervolg van bladsy 1, kolom 3) **dat ons ook die volharding en die geloof het om voort te stry vir dieselfde vryheid van ons volk.**

## Hoofgenl. De Vos

**Die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument, 10 jaar gelede, was 'n ware volksfees, het hoofgenl. J. de Vos gesê toe hy in die aand 'n openbare vergadering toegespreek het. Omdat dit nie 'n kleurlose staatsfunksie was nie en ook nie 'n seksionele fees van 'n party was nie, maar 'n ware volksfees, daarom was dit besielend en het dit 'n nasionale gevoel laat oplewe. En uit die geweldige volksgevoel wat daardie fees wakker gemaak het, is die Ossewabrandwag gebore. En uit die O.B. het gekom nuwe gedagtes en 'n nuwe leier.**

Die O.B. het 'n groep manne en vroue uitgestoot wat intens belangstel in die politiek — nie in die partypolitiek nie, maar wel in die volkspolitiek. Hul idees behels die noodsaaklikheid van sterk regering wat gerugsteen word deur deskundiges. Vandaar dat die O.B.-staat in vooruitsig stel 'n saamtrekking van deskundige nasionale kragte geskaar rondom die president. Of andersom 'n president met uitvoerende gesag wat bygestaan word deur deskundiges en al die beroepe.

### DIKTATUUR

In teenstelling met hierdie idees het Suid-Afrika vandag 'n partystelsel, wat 'n parlement veronderstel wat alleen beheer kan word deur 'n sterk partymasjien. Want die Eerste Minister is afhanklik om te kan regeer van die voortdurende steun van al die verkose lede van sy party en om hierdie voortdurende steun te verseker en om te verhoed dat hy en sy regering na benede stort word 'n partydiktatuur vereis wat alle teenstand vernietig. **Vandaar dat ons kry die diktatuur van die partykantoor, van die partyleier, van die partykoukus, en van die partysweep. En dit is hierdie fatale en noodlottige partydiktuur — die enigste diktatuur wat Suid-Afrika nog geken het — wat die O.B. wil breek, het genl. De Vos gesê.**

**As ons die partydiktatuur kan breek, kan ons die brein, redeneervermoeë en verstand van die beste kragte van ons volk gebruik vir die oplossing van ons probleme.**

Deur die jare van stryd, het genl. de Vos gesê, het die lede van die O.B. sekere politieke insigte opgebou — en hulle is reg. Andersdenkende Afrikaners gaan 'n wrede ontnugtering tegemoet. **Die O.B. moet hom voorberei om vir hierdie teleurgesteldes 'n veilige hawe te wees. Laat ons wakker wees en ons organisasie in orde wees, vir hierdie taak wat voorlê.**

Genl. W. R. Laubscher het ten slotte sowel die gasheer en -vrou bedank vir hul opoffering en vriendelikheid en die sprekers vir hul oorkoms en inspirerende woorde. Hy het, as generaal van die afdeling, die kommando gelukgewens met die pragtige prestasie wat hulle behaal het.

---

## Parlementslede Gebruik Koeëls i.p.v. Woorde

Parlementslede van die Suid-Amerikaanse republiek Colombia het verlede week die pad van die parlementêre stelsel van partystryd voluit bewandel toe een lid doodgeskiet en 'n ander gewond is.

**Die parlementarisme is gegrond op die beginsel van burgeroorlog, maar in Engeland, waar die stelsel ontstaan het, word dit as 'n spel beskou waarin 'n hoë mate van goeie sportmangees gehandhaaf moet word, soos in die bokskryt of die tennisbaan. Niks groter as woorde mag in die toernooi gebruik word nie. In Colombia is die bloed egter warmer en toe die woordestryd verlede week 'n hoogtepunt bereik, het 'n lid van die Konserwatiewe Party sy rewolwer uitgepluk en 'n woordvoerder van die Liberale Party doodgeskiet. Onmiddellik het die ander afgevaardigdes hul rewolwers uitgetrek en orde kon eers herstel word nadat ongeveer honderd skote oor en weer gevuur is.**

**Of die Speaker ook met behulp van 'n rewolwer die orde herstel het, is nie vermeld nie.**

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

# Wil Afrikaans Grondwetlik Uit Rhodesië Weer

**Net soos die Liberale (opposisie-) Party van Suid-Rhodesië het ook die Verenigde Party, wat die bewind voer, verlede week op sy kongres die kwessie van amptelike tale vir Rhodesië bespreek, en merkwaardig genoeg, hier was dit Engelssprekende leiers wat wou keer dat voorsiening in die grondwet gemaak word vir Engels as enigste amptelike taal van die gebied.**

'n Voorstel voor die kongres het gevra dat in die grondwet vasgelê moet word dat net Engels die amptelike taal sal wees. Blykbaar bestaan daar weens die snelle aanwas van die Afrikaanse gemeenskap in Rhodesië 'n vrees by sekere Engelse oor die toekomstige plek van Afrikaans, sodat hulle betyds maatreëls wil tref om die heersende posisie van Engels vir die toekoms te verseker.

Teen hierdie voorstel het die minister van binnelandse sake, mnr. T. W. Beadle, met die ondersteuning van die Eerste Minister hom verset. Hy het gesê dat so 'n verandering van die grondwet die posisie van Engels geensins sal versterk nie. Dit sal 'n belediging wees teenoor „'n groot en waardige bevolkingsdeel." **Hy het beklemtoon dat daar nog nooit enige vertoë tot die regering gerig was om enige ander taal in die kolonie erken te kry nie.**

**Ondanks hierdie verset is die voorstel aangeneem, en sal die regering verplig wees om uitvoering te gee aan sy partykongres-besluit.**

---

# MONUMENT MAG GEEN . . .

(vervolg van bladsy 1, kolom 5) **trekkermonument.** Op 16 Desember sal ons pure Afrikaner wees, met baard en Voortrekkerdrag kompleet. Rooi wange en rooi naels sal skuins aangekyk word, maar dan is ons volksboete weer betaal en ons lê dit af en lê dit weg, by die Monument tot 'n volgende keer.

### TOETANKAMEN

Hierdie tweede groep hoort eintlik maar by die eerste. Afrika het al meer voorbeelde opgelewer van kosbaarhede wat saam met die lyk in 'n praalgraf weggelê word. Dink maar aan Toetankamen en sy mense. Daar was dit bedoel vir toekomstige gebruik van die oorledene. Hier word dit weggesit vir toekomstige gebruik van . . . .wie? **As 'n volk ter wille van sy gerief of tydelike wins sy dierbaarste ideale in die koelkas kan plaas, is daardie volk al baie naby die mummiestadium. Ook loop daardie weggelegde skatte gevaar om gesteel te word!**

Die O.B. en die Boerejeug sal nie saam met hierdie groep optrek nie.

Gelukkig is daar 'n derde reisgeselskap na die Monument. Dis hulle wat hulde gaan bewys, al te seker en van harte. Hulle gaan nie begrafnis hou nie en hulle gaan geen deposito maak van hul ideale en Afrikanerskap nie. **Nee, vir hulle is dit geen afsluiting van 'n periode nie, maar wel 'n nuwe begin. Hulle gaan om inspirasie te ontvang, om te luister na die onsterflike taal wat daardie Voortrekkermonument gaan verkondig. Hulle gaan om by vernuwing oortuig te raak van die suiwerheid van hul ideale, getoets aan dié van die Voortrekkers; om uit die volksverlede al wat goed en edel is te haal en daarop hul toekoms te bou. Hulle wil ryker en voller daarvandaan wegkom as wat hulle daarheen gegaan het.**

### BESIELING NODIG

In hierdie geselskap wil O.B. en Boerejeug graag verkeer. Want ons het inspirasie en besieling nodig in die tyd waarin ons lewe. Ten spyte van die feit dat die Geallieerdes die oorlog gewen het en die H.N.P. die verkiesing, lewe ons vandag in 'n vreesbevange wêreld en in 'n vreesbevange Suid-Afrika. Daar is vrees vir die atoombom, vrees vir die kommunisme, vrees vir ons gekleurde bevolkingsdeel, vrees vir 'n Republiek, vrees vir die C.N.O., en waarlik ook nog vrees vir die O.B. Vrees vir die goeie en vrees vir die kwade. **En vrees was nog nooit die regte en betroubare dryfveer nie, behalwe as dit is 'n vrees vir God want dan is dit heeltemal iets anders.**

### GEEN VREES

Die O.B. mag in die uitvoering van sy plig en die nastrewing van sy ideale geen vrees ken nie. Met 'n goeie gewete kan hy sy verlede betrag en met vertroue sy toekoms tegemoet gaan. **Want hy is deurdring van 'n roepingsbesef en daarom vir hom geen mensververing, maar ook geen mensvergruising.** In sy lewe gaan voorop: „My God" en dan volg: „My Volk, My Land". As ons aan hierdie leuse getrou bly, sal ons nooit gevaar loop om die regte perspektief te verloor nie, maar te midde van 'n omgekrapte wêreld koers hou op die Pad van Suid-Afrika. Op daardie pad is die Voortrekkermonument vir ons 'n baken.

---

## *Tito-Stryd Genoodsaak Herindeling Van Fasciste*

Tydens en kort na die oorlog is elke persoon of groep wat nie honderd persent pro-oorlog en pro-parlementarisme was nie, die etiket van „fascis" om die nek gehang. Politici en die pers in die Westerse lande het ewe flink aan hierdie doodverwing meegedoen sodat baie vaderlandsliewende mense as „fasciste" afgeskryf is van die volksboeke. Hierdie metode was 'n klakkelose naprating van Moskou, en as in aanmerking geneem word tot watter lengte die Kommuniste hierdie term kan rek, sal dit wel die Westerse lande betaam om 'n herindeling van hul vooroordele te maak. Die jongste „fascis" op die Moskouse lys is veldm. Tito, kommnistiese diktator van Joego-Slawië!

Omdat hy kommunisme op sy eie manier in sy land wil toepas, is hy in die oë van Moskou nou 'n fascis. In 'n oproep aan die vyfde kolonne in Joego-Slawië het Radio Moskou verlede week gesê dat ondergrondse magte nou sterk genoeg is om die „fascistiese bewind" van maarskalk Tito te beëindig.